

Sondag 28 Maart

Skriflesing: Levitikus 25:1–23 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Levitikus 25:17; Lukas 4:18, 19 (1983-vertaling)

Waarom Sabbats- en Jubeljare?

Die volk is nog by Sinai, kort voor hulle vertrek na Kanaän. Nou is die regte tyd om aan die volk te sê wie die ware eienaar van Kanaän (en die heelal) is. God self (Eks. 19:5). Daarom die voorskrifte hoe die volk met God se grond, mense, diere, plante, ekonomie, ja alles, moet handel. Twee hoofsake is in vandag se fokus: die Sabbats- en Jubeljaar.

- *Sabbatsjaar (vs 2-7)*

Elke sewende jaar moet alles tot rus kom. Daar mag nie geploeg, gesaai en geoes word nie. Die hele volk, hulle slawe, vreemdelinge en bywoners, diere, almal en alles moet rus. Rede: *Tot eer van die Here* (vs 4), *mdat Hy omgee vir syne*. Mense is nie robotte nie, diere ook nie, selfs die grond moet rus. Waarvan het mens en dier dan in die sewende jaar geleef? Wel, die sesde jaar het God 'n dubbele seën gegee. Daar was genoeg kos vir die sewende, selfs vir die agtste en negende jaar (vs 18-22).

- *Jubeljaar (vs 8-17)*

Ná nog sewe jaar breek die Jubeljaar aan. Elke 50ste jaar. Dan stort die Here nog meer genade oor sy mense, land en diere uit. Op die Groot Versoendag blaas die ramshoring (vs 8), dan begin die Jubeljaar. Alle skuld moet afgeskryf word. Mense wat hulle grond verloor het, kry dit terug. So is armoede en grondverlies voorkom.

- *Vervulling in Christus*

In Lukas 4:18 en 19 kondig Christus (in Nasaret) aan dat hy God se ware en finale Jubeljaar bring. Hy doen dit in sy optredes, kruisigung, opstanding en herskepping. In Hom word mense herbore, die aarde vernuwe, en alle skuld vir ewige vernietig. Dis oorvloed genade en liefde!

Sing: Skrifberyming 11-3:3, 5

Dr. NP Heystek (Klasie) (Emeritus)